# KINDERKERK LES: Jesus hersien speletjies

**Doel van les:**

- Vandag hersien ons bietjie deur speletjies wat ons hierdie kwartaal geleer het.

## Spidersweb

Gee vir elke groepie 'n bol wol.

Laat die leier die punt vashou van die wol en dan na een van die maaitjies in die groepie gooi.

Die maaitjie moet dan 'n superhero se naam sê, bv Spiderman OF iets wat Jesus gedoen het toe Hy op aarde was, bv Hy het die storm stil gemaak.

Die maaitjie hou dan 'n stukkie van die wol vas (leiers help waar nodig) en gooi dit skuins oor na 'n ander maaitjie en daai maaitjie doen weer dieselfde.

Doen dit tot elkeen 'n beurt gekry het en die wol soos 'n spinnerak lyk. (Spiderman se web)

**Jesus is ons superhero, Hy het baie meer super powers as al die superheroes op die TV.**

## MODDERKOEKIES

## Benodighede:

- 1 x bak met modder (gee vir elke groepie 'n bak)
- 1 x bak met skoon water (gee vir elke groepie 'n bak)
- Seep en 'n handoekie vir elke groepie
- Cupcake papierhouertjies
- Lekker sjokolade cupcakes

## Vandag gaan ons bietjie modderkoekies bak.

## Speletjie

- Gee vir elke groepie sy bak met modder en skoon water.
- Laat die kindertjies elkeen 'n balletjie vorm met die modder en in die cupcake papierhouertjie sit.
- Hulle handjies is nou lekker vuil van die modder.
- Gee vir elke maaitjie 'n beurt om sy/haar handjies skoon te was.
- Deel vir elkeen 'n sjokolade cupcake uit en laat hulle 'n happie vat.

**Liewe Jesus het aan die kruis gesterf vir ons, en al ons vuil sonde op hom geneem en ons hartjies skoon gemaak.**

## BLINDEMOL

- Kies een maaitjie in elke groep wat geblinddoek word.
- Die blinddoek maaitjie moet aan 'n ander maaitjie raak en dan aan sy/haar gesig en hare voel om te raai wie is dit.
- Die leier moet tel hoeveel keer het die blinddoek maaitjie reg geraai.
- Die groepie met die meeste reg raai telling wen.

**Jesus is soos 'n dokter, want Hy kan mense gesond maak….. MAAR die wonderlikste van alles is dat Hy veel meer as 'n dokter kan doen, Hy kan tot 'n blinde man weer laat sien.**

## SIMON SAYS

## Laat al die maaitjies staan en die instruksies volg wat gesê word:

- Simon says: Sit
- Simon says: Dans
- Simon says: Spring
- Simon says: Sit julle hande op julle koppe
- Simon says: Blaas 'n soentjie
- Simon says: Draai in die rondte

**Die enigste manier vir ons om in die hemel te kom, is as ons Jesus vra om ons sondes te vergewe en te luister na wat Hy vir ons sê en leer.**

## JESUS SE OPSTANDING: PAPER FINGER GAME

Elke leier kry 'n papier vingerspeletjie wat die volgende gesiggies op het:

Hartseer, Verbaas, Bly, Bang

- Vra een van die kindertjies om 'n gesiggie te kies, kom ons sê 'n bly gesiggie word gekies dan spel ons die woordjie uit met die speletjie B…L…Y.
- Vra een van die kindertjies om 'n gekleurde hoekie te kies bv blou
- Die tannie lees dan die geskryf op die kleur bv Maria sien die graf is leeg
- Vra die kinders hoe dink hulle het Maria gevoel (watter gessigie? Bly, verbaas, hartseer of bang)
- Maak dan die hoekie oop en wys hul die gesiggie om te kyk of hul reg is

Hierdie speletjie kan gespeel word tot die hele verhaal uitgebeeld is.

Sluit af met gebed.